# 19 April 2024 - Lesing 292 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

My God, My God, waarom het U My verlaat? **–** 27/6/62

**NO: 8201** My lyding en sterwe aan die kruis was onuitspreeklik smartlik en alle pogings om die lyding te beskryf sou maar 'n swak vergelyking wees met dit wat Ek gely het, want Ek het elke fase van My verlossingswerk voorsien.

Ek het geweet waaruit My laaste opdrag bestaan en Ek het nie die troos gehad om die kwellinge vir Myself te verminder nie, **want Ek moes die laaste ure maar net as 'n 'mens' deurstaan**. Ek het wel alle krag besit, omdat die Liefdeskrag van God, My Vader van Ewigheid, My deurstroom het tot die laaste, **maar Ek het self, deur My Wil, die Liefdeskrag nie meer toegelaat nie.**

Ek het nie toegelaat dat Sy Haarself in My Self laat voel nie, om sodoende nie met die hulp **die pyne te verminder of op te hef nie.** Want in die geval sou die verlossingswerk nie volledig gewees het nie, omdat die grootste mate van lyding hier nodig was om die oorgrote skuld van die oersonde van die mensdom te delg.

En die Godheid in My het My Wil geken en Sy het My vry daarin gelaat. Sy het Haar teruggetrek omdat Ek dit so gewil het, om My Liefde vir die mense tot die hoogste graad uit te voer, wat weer slegs My Vader gegeld het, na Wie Ek vurig verlang het in die grootste nood, in die swaarste lyding en in die besonder, gedurende die laaste minute van My liggaamlike lewe.

En die verlange het gegroei, omdat Ek geen beroep meer gedoen het op Sy hulp en op Sy liefdeskrag nie.

En in hierdie hunkering na Hom, My Vader van die ewigheid, roep Ek die woorde uit: "*My God, My God, waarom het U My verlaat?"* Ek het dit Self gewil om **as mens** die werk van erbarming vir die sondige mensdom tot 'n einde te bring, **omdat dit die grootste liefde was wat Ek My Vader kon bewys**.

Naamlik dat Ek Myself in Sy plek aan die kruis laat nael het, want Hy Self het tog na die aarde toe neergedaal en **het in My Sy intrek geneem**, omdat Hy Self die verlossingswerk vir Sy kinders wou volbring, **maar as God nie kon ly nie.**

En so het Ek vir Hom alle lyding en smarte op My geneem en dit verdra tot die einde toe.

Maar hoe dikwels en hoe begryplik Ek dit ook aan julle probeer duidelik maak, julle sal dit tog nooit ten volle kan begryp nie, totdat die geestelike ryk julle opgeneem het, die Ryk van Lig en Saligheid.

En die eenvoudigste verklaring bly steeds die woorde: "*Die Vader en Ek is Een*". Dit was reeds die volledige Eenwording. En daarom kon Ek sê: "*Dit is volbring*!"

Die mens JaHshua het Sy lewe gegee en **Hy het as mens gely en 'n ontsaglike smartlike dood ondergaan**.

Maar Hy het Homself ook met die Ewige Godheid verenig, want tot aan die einde was daar liefde in die mens JaHshua, anders sou Hy nie gesê het: "*Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*".

Toe die Lefde Haarself stilhou, was dit nodig om die verlossingswerk te volbring, **sodat die dood nou ook vasgestel kon word** deur alle mense in Sy omgewing, sodat Sy liggaam in die graf gelê kon word, waaruit Hy weer op die derde dag verrys het.

Want elke laaste uiting van die Goddelike Gees kon die mense nog in vertwyfeling gebring het oor die kruisdood van Jesus, omdat die mens dan Sy verbinding met My sou herken het en die geloof in die verlossingswerk sou dan onvermydelik die gevolg gewees het, - wat egter vir die mense 'n beslissing in vrye wil moes wees.

Ook dit sal julle nog nie korrek kan verstaan nie, maar as julle self julle gees met die Vadergees van die Ewigheid verenig, **sal dit lig in julle word** en julle sal dan ook My Woord kan verstaan, wat altyd probeer om aan julle opheldering te gee en dat julle dan ook volgens die graad van rypheid, oftewel **die graad van liefde van julle siel,** kan begryp.

Want in besonder oor die verlossingswerk moet aan julle die suiwer waarheid en volledige begrip geskenk word, sodat julle die grootte van My Liefde sal kan besef, wat vir julle mense, vir julle sondeskuld na die aarde gekom het, wat die verlossingswerk volbring het **om vir julle die weg weer vry te maak tot die Vade**r, om julle groot sondeskuld te versoen, - want dit het vir julle vir ewig die weg na die Vaderhuis versper. Amein.